# VRYMESSELARY IN DIE OU DAE IN PRETORIA

DIT is besonder moeilik om enige gegewens omtrent Vrymesselary gedurende die heel vroegste jare van die bestaan van Pretoria te verkry. My belangstelling is gaande gemaak toe ek eendag in 'n „Directory of Pretoria," wat in 1913 gepubliseer is, portrette van lede van die ou „Aurora Losie en Kapittel" gesien het. Daar was egter geen verslag of oorsig nie — net die portrette. Gegewens vir hierdie artikel is versamel uit nuusberigte en verslae wat in „De Volksstem" van daardie dae verskyn het, jaarverslae in ou almanakke en persoonlike herinneringe van 'n aantal ou inwoners van Pretoria.

## OPRIGTING.

VOLGENS 'n ou Masonieke Almanak wat allerhande soorte gegewens bevat, word die oprigtingsdatum van die „Aurora Losie" aangegee as 1862. Waarskynlik het 'n aantal Vrymesselaars bymekaargekom en besluit om 'n Losie in Pretoria onder die Nederlandse Konstitusie te stig. 'n Petisie waarin aangevra was vir 'n Grondbrief, is opgestel en onderteken deur Chas. Ueckermann, Will Leathern, Will MacLaren, Martinus de Vries, B. G. A. Arnoldi, Orman Carel Weeber, B. J. Smithers, John Ridley, Fred Haenert, F. Ueckermann, Andr. P. J. Kirsten, Cornelis Moll en C. Fred Kleyn. Hierdie petisie is aan die Ged. Grootmeester Nasionaal vir Suid-Afrika in Kaapstad, Sir Christoffel Josephus Brand L.L.D., gestuur, wat dit met sy aanbeveling deurgestuur het aan die Grootmeester in Den Haag (Nederland). Die Grondbrief is op 22 Maart 1869 uitgereik. Die kleur van die Losie was donkerrooi en die naam daarvan „Aurora Losie."

Moontlik het die lede onder 'n voorlopige Grondbrief uit Kaapstad hulle werksaamhede voortgesit, want in 1864 is 'n stuk grond op die hoek van Schoeman- en Andriesstraat — waar Frits' Garage nou is — aangekoop met die doel om daar 'n Losiegebou op te rig. Die eerste gebou was van sooie gebou, met 'n grasdak, en gepleister. In September 1873 is die gebou weer netjies opgeknap, gepleister en gewit. Hiervan sê „De Volksstem": „The buildings of the Aurora Lodge has last week been nicely cleaned, plastered and whitewashed, so that it has indeed become an ornament to the own. Honour is due to the Freemasons who have made their Lodge to one of the most beautiful buildings in Pretoria."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## BESOEK VAN DIE GED. GROOTMEESTER AAN PRETORIA.

IN 1869 het die Ged. Grootmeester vir Suid-Afrika op 'n gesondheidsreis uit Kaapstad na die Noorde vertrek om terselfdertyd ook Losies onder sy jurisdiksie te besoek. Hy het toe ook 'n besoek afgelê aan die Losie Aurora en dit in 'n florerende toestand gevind.

In 'n „Brief Review of the History of Netherlandic Freemasonry in South Africa" skryf Christian C. Silberbauer oor die besoek van Christoffel Brand aan die Aurora Losie in Pretoria as volg: „It was not until the Sixties that Bro. Brand's effort as a masonic coloniser commenced to bear fruit. The first Lodge "Aurora", strange to say, was in the then far district of Pretoria. When visiting it in 1869 Bro. Brand found it in a flourishing condition. It has not been in existence within the memory of any living member of the Order. I have, however, ascertained that in later years the Temple has been destroyed in a violent thunderstorm."

Aan die Aurora Losie was ook 'n Kapittel van die 18de graad verbonde, 'n graad wat suiwer Christelik is en waaraan alleen Christene kon behoort. Hierdie Kapittel was opgerig in Mei 1865.

## BEVESTIGINGSPLEGTIGHEID.

DIE Losie en Kapittel het in die jare wat daarop gevolg het vinnig gegroei. Die jaarlikse bevestigingsplegtigheid (installering) van die Voorsittende Meester en Ampsdraers het gewoonlik op St. Jan'sdag (24 Junie) plaasgevind en was toentertyd vir die dorp met sy ongeveer 2,000 blanke inwoners altyd iets besonders. In 1874 was die prosedure met die bevestiging soos volg: Om 11 uur vm. het al die lede by die Losiegebou, op die hoek van Schoeman- en Andriesstraat, bymekaargekom, vanwaar hulle in volle regalia in prosessie na die St. Alban's Kergebou, daar naby, gegaan het om 'n spesiale diens, wat deur eerw. Weavind, die Wesleyaanse predikant, gehou was, by te woon. Na die kerkdiens is die lede weer terug na die Tempel vir die bevestigingsplegtigheid. Om 1 uur nm. was daar 'n eetmaal waarop die „Susters" goed verteenwoordig was en die aand was daar gewoonlik 'n dans.

Van hierdie bevestigingsplegtigheid skryf „De Volkstem" onder die hoof „**Festivities**" as volg: „Pretoria had rather a gay time of it this week, and next week promise to add another series of festivities. First the Masons had their gala day on Wednesday (St. John's Day). At 11 o'clock in the morning the B.B. assembled in the Lodge, where the installation of the W. Master and Officers was performed 'in due and ancient form' After the ceremony a photograph of the brothers was taken by Mr. Roe, which turned out a capital production. At 1 o'clock the 'Sisters and



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

friends' were admitted into the Lodge, when the Rev. Weavind delivered a very eloquent address on the principles of Freemasonry.

In the evening a ball was given by the Lodge at the residence of our respected Landdrost, W. Skinner, Esq., which passed off in first rate style in spite of the unfortunate weather."

Dit was dan ook gewoonlik die manier waarop dit jaarliks gehou was.

## HOEKSTEENLEGGING.

IN daardie dae was dit algemene gebruik om by Masonieke funksies in in volle regalia in die publiek te verskyn. In Mei 1876 het die lede van „Aurora Losie" dit nodig gevind om 'n nuwe gebou op die hoek van Schoeman- en Andriesstraat op te rig vir hulle werksaamhede en het dit die „Mutual Hall" genoem.

Die hoeksteen van hierdie gehou is gelê op Saterdagmiddag, 27 Mei 1876 om 3 uur deur president Burgers wat self 'n Vrymesselaar was. (Hy het op 20 Desember 1874 die meestersgraad in die Losie „De Vereniging" in Graaff-Reinet ontvang.) Die lede was alger in volle masonieke drag.

Deur kwaaddoeners of miskien ook nuuskieriges is die hoeksteen nog dieselfde aand uit sy plek gegooi en gebreek. Eers die Sondagmôre is ontdek dat die hoeksteen stukkend op die grond lê, maar die muntstukke en oorkondes is onaangeraak gelaat.

## OPVOEDING EN ONDERWYS.

IN daardie dae was onderwysfasiliteite besonder karig en vir daardie rede was dit algemeen gevoel dat iets gedoen moes word om die toestand op onderwysgebied te verbeter. Op 7 Maart 1874 het die volgende kennisgewing in „De Volksstem" verskyn:

**„Opvoeding voor Jongejuffrouwen** — Wy vernemen dat de heeren S. J. Meintjies, W. Skinner, J. R. Lys, P. J. Marais, J. C. Preller en M. de Vries zich gevormd hebben tot een Comité om te Pretoria een geschikte school tot opvoeding voor jonge juffrouwen op te richten en dat de ingezetenen verzocht zullen worden om eene vergadering ter verwezenlijking van dit plan, bij te wonen op Dinsdag aanstaande, des namiddaags ten 4 ure, in de Goevernements School."

Bogenoemde persone was almal Vrymesselaars en lede van die „Aurora Losie". Met medewerking van ds. en mev. H. S. Bosman het hulle werk vrug gedra, want op 23 April 1878 is die hoeksteen van die skoolgebou op die hoek van Schoeman- en Van der Waltstraat deur sir T. Shepstone gelê. Die naam van die skool was die bekende „Prospect Seminary."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Ek siteer kortliks paragrawe uit 'n verslag wat oor die hoeksteenlegging in „De Volksstem" verskyn het: „Jongstleden Woensdag werd de hoeksteen van het schoolgebouw, de ‚Prospect Seminary,' gelegd door Z. Excellentie, Sir T. Shepstone. Het gebouw, waarvan het fondament gedeeltelik gelegd is, staat opgericht te worden op grond door de Regeering daarvoor afgestaan aan de Zuid-oost zijde der stad en in vier erven bestaande . . .

„De kinderen hielden een optocht van de Gereformeerde Kerk (waarin toe skoolgehou was) naar de school met een banier vooraan met de woorden erop: „That which has a beginning is never small" . . .

„Over de fondamenten wapperen de Hollandsche, Amerikaansche, Engelsche en Transvaalsche vlaggen. De sprekers waren Ds. van Warmelo, Dr. Lyle en anderen.

„Z. Excellentie, Sir T. Shepstone, een zilveren troffel en een houten hamer ontvangen en den steen voor goed en wel verklaard hebbend, richtte eenige woorden tot de opgekomenen, zeggende dat de opvoeding der jeugd een zeer belangrijke zaak is die de regering graag zou willen bemoedigen.

„De kinderen zongen een lied gedurende hetwelk een collecte opgenomen werd en bedroeg £30 10/-.

„De heer de Vries (Oud. V. Meester van Aurora) bedankte alle aanwezigen voor hun belangstelling in dit Nationaal feest. Hij noemt het een Nationaal feest omdat het doel des edelen stichters was een Nationale school daar te stellen opdat prulschrijvers in couranten en buitenlandsche tijdschriften de gelegenheid ontnomen zou worden om onze vrouwen en dochteren te beschenderen en te belasteren . . .

„De Eerw. Weavind wenschte allen te zeggen dat onmiddellijk na den afloop dezer verrichtingen Z.E. Administrateur de bazaar zoude openen." (Die bazaar het £82 10/- ingebring.) Ook is nog verder afgekondig dat daardie aand 'n „Vrije Thee-meeting" gehou sou word en Donderdagaand 'n „thee-meeting" vir die volwassenes en Vrydagaand een vir die kinders. Hierdie sg. „thee-meetings" was gewoonlik goed bygewoon.

Twee dames, Mej. Susan Miller Clary van die „Mount Holyroke Seminary," Amerika, en Martha Ruggles, ook van Amerika, het in November in Durban aan wal gestap en met die poskoets van Durban af na Pretoria gereis om as onderwyseresse aan die „Prospect Seminary" op te tree.

Mej. Clary is egter op 3 Augustus 1878 oorlede en mej. Ruggles is daarna weer terug na Amerika. Die onderwys aan die „Seminary" is egter voortgesit.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die skoolgebou is hoofsaaklik opgerig om voorsiening te maak vir die onderwys van meisies — School voor Jonge Juffrouwen — maar is later gebruik as 'n gemengde skool vir seuns en dogters onder die naam van die „Eben-Haëzer School," met mnr. Collins as hoof.

Die gebou is 'n tyd gelede gesloop om plek te maak vir 'n nuwe gebou om die Bevolkingsregister te huisves. 'n Paar jaar gelede het ek nog 'n keer die ou gebou besoek om vas te stel wat van die hoeksteen, wat destyds deur sir Theo. Shepstone gelê is, geword het, maar nie een van die staatsamptenare wat daar werksaam was, het iets van die hoeksteen geweet nie. Ek het intussen egter verneem dat die hoeksteen wel gevind is met die sloping van die ou historiese gebou.

## VOOROORDEEL.

OOK in daardie dae was daar 'n sekere mate van voordeel teen Vrymesselary, want op die Installeringsvergadering van 24 Junie 1876, het die Voorsittende Meester, M. de Vries, tydens die eetmaal, waarop nie net lede van die Orde teenwoordig was nie, maar ook vooraanstaande lede van die publiek (dames en here), in 'n boeiende toespraak Vrymesselary verdedig teen allerhande aantygings. Sy toespraak het 'n besondere indruk gemaak, byval gevind en is deur al die aanwesiges hoog waardeer.

## DOOD VAN PRINS NAPOLEON IV.

TOE die berig Pretoria bereik het dat Prins Napoleon IV, wat ook 'n Vrymesselaar was, deur die Zoeloes in Natal vermoor is, het die broeders in Pretoria saamgekom en 'n kabelgram aan die bedroefde moeder gestuur om hulle meegevoel te betuig.

In „De Volksstem" van 22 Julie 1879 is daar nogal iets interessants te lees: „Het zal misschien onze masonieke vrienden belang inboezemen om te weten dat de gesneuvelde Prins van Frankrijk, over wiens ontijdigen dood in Natal, half Europa op dit oogenblik treurt, een van de broederschap was. De overleden Paus Pius IX was zeer gebelgd over, en protesteerde, tegen zijn toelating tot de Orde, maar het schijnt wel dat de nieuwe pauslike regeerder meer liberale denkbeelden omtrent de vereeniging koestert, aangezien hij zijn zegen aan den Prins gezonden heeft juist voor zijn vertrek naar Zuid-Afrika. En toch stierf de Prins als een even goede Vrijmetselaar als een Roomsch-Katholiek."

## DONDERSTORM DOOF DIE LIG VAN DIE LOSIE UIT.

IN die jare 1877 en 1878 was Pretoria dikwels deur orkane en donderstorms geteister. Die laaste vermelding van 'n byeenkoms van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

„Losie Aurora" wat ek kon vind, was een wat in September 1878 plaasgevind het. Kort daarna het 'n geweldige donderstorm oor Pretoria getrek en die losiegebou van die „Aurora" totaal vernietig. Wyle mnr. Dely het my vertel dat hulle as seuntjies ná die storm na die plek waar die gebou gestaan het, gehardloop het om die geheimsinnige goed en die „bok" te sien. Alles was die ene water, die meubelment was verniel en papiere het orals rondgewaai en op die water weggespoel.

Al wat oorgebly het was 'n ou Statebybel wat deur die Kapittel gebruik was en enkele diplomas van lidmaatskap. Daar is egter nog enkele voorskote en ander artikels in besit van nageslagte van eertydse lede.

Dit was die einde van die eerste en oudste Losie en Kapittel benoorde die Vaalrivier en met die storm het ook die skriftelike lektuur en dokumente rakende die Losie verlore gegaan.

Die lede was of te mismoedig om weer van vooraf te begin of hulle het as gevolg van die Britse Anneksasie van Transvaal en verder ook a.g.v. die feit dat die Transvaalse Losie alreeds werksaamhede onder die Engelse Konstitusie begin het, die saak maar daar gelaat.

Die vaste eiendom van die Losie is eers in 1885 verkoop en mettertyd is die Losie van die rol verwyder. Die „Aurora Losie" is in 1950 egter weer in ere herstel en die Kapittel het in 1952 weer opnuut sy werksaamhede onder die Grondbrief van 1869 hervat. Die voertaal van die „Aurora Losie" en van die „Kapittel" is Afrikaans en in die kort tydsbestek na sy heropening het die Losie nuwe groeikrag geopenbaar.

## TRANSVAAL LOSIE.

OP 12 April 1877 het sir T. Shepstone Transvaal geannekseer en het 'n nuwe regering die bewind oorgeneem. Op 15 Januarie 1878 is 'n voorlopige vergadering gehou deur sewe Vrymesselaars met die doel om 'n Losie onder die Engelse Konstitusie in die lewe te roep. Op die vergadering was John Keith, J. P. Sleightholm, F. Coppen, W. Leathern, H. C. de Hart, C. Cullingworth en T. B. Burnham. 'n Grondbrief (Charter) is aangevra en toegestaan en op 13 Junie 1878 is die Voorsittende Meester en ampsdraers in hulle onderskeie ampte bevestig.

Die Transvaal Losie het die ou Republikeinse Wapen van Transvaal as wapen op sy vaandel aanvaar en is vandag nog so in gebruik. Op 16 Mei 1878 het W. Leathern Erf Nr. 282 in Andriesstraat aan die Losie geskenk. 'n Lid van die Orde wat 'n argitek was en wat in Pietermaritzburg gewoon het, het die planne en spesifikasies vir 'n Losiegebou opgestel. Tenders is gevra vir die bouwerk en op 2 April 1879 is die nuwe „Masonic Hall" ingeseën (consecrated) en in gebruik geneem. In 1918 is die eiendom



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*AMPSDRAERS VAN DIE „AURORA" LOSIE (G.O.N.) IN PRETORIA IN DIE JAAR* 1865.



AGTER: *H. Jeppe, W. Rens, A. Walker, O. C. Weeber, J. Cubitt, R. van Nispen.*
MIDDEL: *Dr. G. B. A. D. Arnoldi, J. Preller, M. de Vries, J. R. Lys, H. de Beer.*
VOOR: *F. Haenert, T. Hodgson, R. C. Green, H. Bristowe.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*AMPSDRAERS VAN DIE „AURORA" KAPITTEL*

*IN DIE JAAR* 1865.



AGTER: *Herman Jeppe, J. C. Preller, O. C. Weeber, Fred. Jeppe.*
VOOR: *R. C. Green, T. Hodgson, M. de Vries, J. R. Lys, dr. G. B. A. D. Arnoldi.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services